Kaal voet of kaal hart?

Kaalvoet staan hy by die robot. Skurwe kruip op en omvou die verwaarloosde voete. Knobbelrige eelte soos aartappels aan die groottoon aangeheg.

Ons jaag weer voort in ‘n dolle resies teen die klok. Waarom voel my hart so leeg?

Die hele somer is hy elke oggend daar. Kaalvoet dans hy ‘n riel. Die krom tone en die gebarste hakke rittel en swaai. Hy dans met volle oorgawe op stom musiek. Daar’s ‘n roekelose ritme in sy lyf, wat die gesellige huurders van geluk aanpor om hulself al kloppend in my onbewoonde hart in te nooi. Hy ontvang bakhand die vyfrand deur die venster en glimlag ‘n breë uittandglimlag: “God bless you!” Ek skaam my. Uit ons oorvloed gee ons ‘n vyfrand. Uit sy armoede gee hy vir ons die rykdom van God se seën.

Dit word winter. Die wind sny soggens dwarsdeur sy uitgerafelde jas. Die kaal voete kraak in die ryp. Sy glimlag word al stywer, maar die oë straal.

Een oggend is hy net nie daar nie. Hoekom het ons nooit sy voete gewas, soos Jesus ons leer nie? Miskien dans daardie kaal voete nou ‘n riel in strate van goud.

Aantal woorde: 193

Geskryf deur: Lienke Olivier

Graad 7-leerder van Laerskool Randhart